

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAIN SA GRAAN SA	DATUM		DATUM		+ LAST WEEK		BY DIE GELD PUT OPSIE					
	2018/08/17		2018/08/16		2018/08/06		WM	YM				
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data						
DJIA-index	25559	396.32	↑	1.6%	25162	↑	0.5%	25427	DEC '18 TERMYNPRYS	R 2 435.00	R 2 506.00	
Goud (Spot)	1175.68	1.28	↑	0.1%	1174.4	↓	-3.3%	1215.41	CALL TREFFPRYS	R 2 440.00	R 2 500.00	
Brent \$/vat	71.64	0.83	↑	1.2%	70.81	↓	-2.5%	73.51	CALL PREMIE	R 140.61	R 138.18	
1 € / US\$	1.1381	0.00	↑	0.1%	1.1369	↓	-1.5%	1.1553	GELYKBREEK SAFEX PRYS	R 2 580.61	R 2 638.18	
1 US\$ / ZAR	14.67	0.150	↑	1.0%	14.52	↑	10.1%	13.33				
Corn	R 2 107.97	25	↑	1.2%	R 2 082.99				*CBOT Corn Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Sep 12:00 the previous day			
Wheat	R 2 921.54	46	↑	1.6%	R 2 875.67				*CBOT Wheat Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sep 12:00 the previous day			
Soybeans	R 4 771.50	118	↑	2.5%	R 4 653.35				*CBOT Soy Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Sep 12:00 the previous day			
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.					
Corn Sep 18	365.00	0.60	↑	0.2%	364.40				15 MIELIE UITVOERE			
Wheat Sep 18	542.00	3.00	↑	0.6%	539.00				WEEK TOTAAL	5 498	29 882	35 380
Soybeans Sep 18	885.20	13.00	↑	1.5%	872.20				JTD TOTAAL	119 923	948 556	1 068 479
PLAASLIKE MARKINLICHTING							Invoerpariteit		UITVOERBAAR			
SORGHUM Jul '18	3600.00	0.00	↑	0.0%	3600.00	3970.00	2236.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	8%	39%	27%	
WMAZ Spot	2311.00	27.00	↑	1.2%	2284.00	4127.00	2005.00	TEMPO/WEEK BENODIG	38 651	40 715	79 365	
WMAZ Sep 18	2334.00	24.00	↑	1.0%	2310.00	3645.00	2150.00	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS				
WMAZ Dec 18	2435.00	26.00	↑	1.1%	2409.00	3726.00	2229.00	WEEK TOTAAL	453 414	195 082	648 496	
YMAZ Spot	2380.00	25.00	↑	1.1%	2355.00	3645.00	2005.00	JTD TOTAAL	4 571 736	4 522 873	9 094 609	
YMAZ Sep 18	2402.00	25.00	↑	1.1%	2377.00	3645.00	2150.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 379 660	5 797 150	12 176 810	
YMAZ Dec 18	2506.00	28.00	↑	1.1%	2478.00	3726.00	2229.00	% GELEWER VAN OES	72%	78%	75%	
SOY spot	4520.00	24.00	↑	0.5%	4496.00	6654.00	4552.00	TEMPO/WEEK BENODIG	62 342	43 941	106 283	
SOY Sep 18	4554.00	23.00	↑	0.5%	4531.00	6990.00	4870.00	KORING INVOERE				
SUN Spot 18	5031.00	36.00	↑	0.7%	4995.00	6659.00	5072.00	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM		
SUN Sep 18	5069.00	32.00	↑	0.6%	5037.00	6990.00	4870.00	WEEK TOTAAL	22 900	30 722	24 703	
WHEAT Aug 18	4294.00	4.00	↑	0.1%	4290.00	4873.00	4553.00	JTD TOTAAL	1 815 759	630 109	1 199 879	
WHEAT Sep 18	4317.00	0.00	↑	0.0%	4317.00	5227.00	4907.00	TOTAAL BENODIG	1 950 000	934 765	1 622 999	
WHEAT Dec 18	4387.00	5.00	↑	0.1%	4382.00	5109.00	4790.00	JTD AS % VAN BENODIG	93%	67%	74%	

**Markoorsig:** Die rand verhandel vanoggend teen R14,67 teenoor die dollar. Die rand was gister steeds baie volatiel teenoor die dollar en het groot prysbewegings getoon vir die dag en het met 1.6% versterk in die vroeë verhandelings sessie voordat dit weer later die dag skerp onder druk gekom het. Die wisselvalligheid in die rand kan grootliks toegeskryf word aan die internasionale faktore wat 'n groot drywer was van die geldeenhede van die ontlukende lande waaronder die rand ook ressorteer. Daar is tans ook baie plaaslike politieke en beleidsonsekerhede wat heers in die land wat die beleggings in die land beperk. Die Brent ru olieprys het gister weer ondersteuning gevind en is vanoggend effens sterker teen \$71.62/vat.

**Mielies:** Die Amerikaanse mieliemark het gister ondersteuning gevind en het effens sterker verhandel vir die dag met tegniese aankope wat in die mark gesien was. Die nuus van moontlike heronderhandel van die handelsdispute tussen die USA en Sjina was ook gunstig vir die mark. In gister se weeklikse uitvoerverkepe verslag is weeklikse mielie-uitvoerverkepe gerapporteer teen 337 906 ton in ou seisoen verkepe en nog 1 044 miljoen ton nuwe seisoen verkepe, wat altesame 1,383 miljoen ton is vir die week. Dit was aansienlik meer as die vorige week se uitvoerverkepe en ook hoër as die weeklikse handelsverwagtinge wat in die mark was. Die Amerikaanse uitvoerverskings van mielies het 1,219 miljoen ton bereik, met Mexiko wat die grootste ontvanger was van Amerikaanse mielies vir die week. In ander internasionale nuus het Sjina 1,53 miljoen ton van hul staatsreserwes verkoop op 'n veiling wat 38,4% van die totaal was, wat op die veiling beskikbaar was. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister ondersteuning gevind en het in meeste kontrakmaande wat tans gelys is van beide wit en geelmielies sterker verhandel vir die dag. Die weeklikse uitvoere van mielies is op 35 380 ton gerapporteer vir die week waarvan 84% YM was.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboemark het gister goeie ondersteuning gevind en het hoër gesluit vir die dag nadat daar weer gister gerigte was dat die handelsooreenkomste tussen die USA en Sjina later hierdie maand heronderhandel sal word. Die handelsoorlog het die laaste twee maande veral 'n groot impak op die Amerikaanse sojaboemark gehad en die mark het groot prysbewegings getoon in hierdie tydperk. Die gerigte van die heronderhandel van die handelsdispute tussen die USA en Sjina is bevestig deur die Wituis se ekonomiese raadgewer en die Amerikaanse sojaboemark het gister ongeveer 3% toegeneem. In gister se weeklikse USDA sojaboemark uitvoerverkepe verslag was die weeklikse uitvoerverkepe op 704 000 ton gerapporteer wat beide ou en nuwe seisoen verkepe insluit. Dit was redelik in lyn met die weeklikse handelsverwagtinge, maar aansienlik laer as die vorige week se uitvoerverkepe wat gerapporteer was. Die sojaboemark uitvoerverskings vir die week was op 587 000 ton gerapporteer met Iran wat die grootste ontvanger was van Amerikaanse sojabone vir die week. Privaat uitvoerders het gister uitvoerverkepe van 155 000 ton aan die USDA gerapporteer vir lewerings aan Meksiko in die 2018/19 seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboemark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is.

**Koring:** Die Amerikaanse koringmark het gister ondersteuning gevind hoofsaaklik as gevolg van 'n oorspoel effek vanaf die sojaboemark asook as gevolg van tegniese aankope in die mark om beskerming te neem teen kort posisies in die mark. Beide die winter en lentekoring markte het ongeveer 2% toegeneem vir die dag. Die weeklikse koring uitvoerverkepe was gister op 802 000 ton gerapporteer wat meer as dubbeld die vorige week se uitvoere was en ook meer as dubbeld as wat die weeklikse handelsverwagtinge in die mark was. Die uitvoerverskings wat gerapporteer was, was ook gunstig verlede week en dit was op 462 000 ton gerapporteer met Meksiko wat die grootste ontvanger was van Amerikaanse koring vir die week. Privaat uitvoerders het gister uitvoerverkepe van ongeveer 198 000 ton se harde rooi winterkoring vir lewering aan Irak in die 2018/19 seisoen aan die USDA gerapporteer. In ander internasionale nuus het Egipte se staatsagentskap aangekondig dat hulle koring voorrade wat beskikbaar is 4 maande vooruit se verteenwoordig. Egipte is een van die grootste koring invoerders internasionaal. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister gemeng verhandel en het byna onveranderd gesluit vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is. Die koring invoer tarief het gister weer afwaarts getrigger tot en met R298/ton. Die tarief soos hy tans in werking is, is R281/ton. Daar is nog 'n tarief van R640/ton wat reeds vyf weke gelede getrigger is, maar nog nie in die Staatskoerant afgekondig is nie.

Plaaslike Markinsigte & Data: [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za) / [www.sagis.co.za](http://www.sagis.co.za)  
Internasionale Markinsigte & Data: [www.usda.co.za](http://www.usda.co.za)

Opgestel deur Luan van der Walt en Ikageng Maluleke / Vir navrae, kontak: [luan@grainsa.co.za](mailto:luan@grainsa.co.za)  
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

